


# HOE KAN EK WEET WAT GOD SE WIL VIR MY LEWE IS?




**Dié traktaat bekyk die betekenis van die woorde die WIL VAN GOD en hoe ons dit verstaan.**



Jong, ja, dis 'n belangrike kwessie dié! En ek begryp heeltemal dat dit jou kwel.

Tog is ek seker dis omdat jy God se Woord gehoor het dat jy hieroor wonder. Dit beteken God het tot jou gespreek. 2 Petrus 3:9 lui: "Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer."

Dus, wanneer ons kies om God se Woord te lees en te glo, ek bedoel nou die Woord van God **regtig** te glo, beweeg ons van onsekerheid, verwarring en ongeloof af na waar Hy ons wil hê: in 'n toestand van volgehoue oorwinning.

Johannes 20:29: "Toe sê Jesus vir hom: *Glo jy nou omdat jy my sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.*"



**Matteus 9:29: "Wat julle glo, sal gebeur."**



Met dié traktaat wil ek sê: **As Christus die lewende Heer van my lewe is, sal my ontmoeting met Hom sy Wil vir my lewe openbaar.** Ons geloof in God bepaal ons optrede en stel ons in staat om uiteindelik die hemelse heerlikheid te ontvang wat Hy vir jou en my beoog. **Dan word ons wat ons glo, deur ons geloof op God se Woord te vestig.** "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is." (Romeine 12:2)


**Nie almal gehoorsaam ons Vader se Wil nie. Hy sê so. "*Nie elkeen sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie.*" Hoekom nie? Want nie elkeen hou by God se Wil nie.**




## Grondreël #1: Wees 'n rein voorwerp vir besondere gebruik

God moet ons voorberei om sy Woord, sy **klinkklare rigsnoer** vir ons lewe, te hoor. Wanneer ek sê wees *'n rein voorwerp vir besondere gebruik* (2 Timoteus 2:21), is dit wat ons moet wees voor ons Hom mag vra wat sy Wil is. Wanneer ek dus vra dat God se Wil in my lewe moet wees, durf ek nie rondspeel en sonde willens en wetens in my lewe toelaat nie. **Ons kan God nie vra vir sy Heilige Rigsnoer terwyl ons moedswillig sondig nie!**



**D L Moody, die beroemde evangelis, het gesê: *"God verlang nie goue voorwerpe nie, en vra nie vir silweres nie, maar Hy moet skones hê."***

Wanneer ons God se Wil dus in ons lewe wil hê, moet ons **heel eerste** werk maak van dié kwessie van sonde!

As dit nie strook met wie ons in Christus Jesus is nie, vir Wie ons soos die kinders van God is, moet dit weg, moet dit aandag kry. Want kyk wat doen die sonde: **sonde verwar ons denke**.

Dwight Lyman Moody (1837-99)

## Grondreël #2: Gee aandag aan sterk begeertes



Almal van ons ondervind sterk gevoelens en begeertes. Dit hoef nie noodwendig sondige begeertes te wees nie; elkeen van ons het natuurlike behoeftes, iets wat ons wil hê, 'n droom wat ons koester, doelwitte wat ons nastreef... En dit wat ons wil hê, is dalk deel van God se plan vir ons!

**Pleks van halsoorkop voortstoom, gee God tyd en ruimte om in jou lewe te werk!**

**Maar belangriker, ons moet duidelike leiding hê oor hoe om te werk te gaan. Dalk het God 'n lieflike oogmerk met jou lewe, miskien beoog Hy iets met jou lewe wat jy ook waarlik begeer, iets waarvoor jy al lankal werk, en jy wil by God weet: Hoe bewerkstellig ek dit?**



**Leer om daardie sterk begeertes ondergeskik aan God se Wil te stel.**




**Heer, ek moet leer dat wat U vir my verlang, beter is vir my as wat ek begeer. En ek moet leer om gewillig en met geduld te wag tot ek weet ek het God hoor praat, tot ek weet dis wat Hy vir my kies.**

## Grondreël #3: Wees versigtig vir druk



Wees bedag op druk, veral wanneer jy God se Wil probeer peil. Daar is veral twee bronne van druk wat ek en jy die hoof moet bied.

Die eerste is **druk van buite:** mense wat jou vertel wat jy *behoort* te doen en hoe jy *behoort* te dink. Hulle sal jou ook raad gee en jou altyd verseker: *Dis presies wat ek sou doen as ek jy was.*

**Jy kan dink hoe betroubaar hulle is!**

**Dit wil darem nou nie sê jy moet 'goddelike raad' verontagsaam nie!**

Mense is tog te gretig om raad te gee, om jou te vertel wat om te doen, maar hoeveel weet hulle nou eintlik van skriftuurlike beginsels? Jy sal hulle dikwels hoor sê: *Dis wat God sê, dis wat jy behoort te doen.*

Wel, die vraag is: wat is **in der waarheid** die Wil van God? Mens wil ondubbelsinnige leiding hê, jy moet ontvanklik wees maar ook waak teen druk, want dit gaan gebeur.

En dan is daar nog die **druk van binne**: vrese en kwellings oor moontlike verlies, mislukking, verwerping, afkeuring, ens.




## Grondreël #4: Volhard in Gebed



Nie net bid nie - **volhardend bid**! Onthou wat Paulus in 1 Tessalonisense 5:17 sê: "Bid gedurig."

Wanneer jy *werklik* wil hê God se Wil moet in jou lewe werksaam wees en jy daarvoor bid, klou daaraan vas!

Moet nooit dit waarvoor jy bid en wat jy nastreef uit die oog verloor nie.

**Onthou om jou in God se beloftes te berus!**

## DIE HART EN KERN: GEBED

Onthou! God se Wil bied 'n klinkklare rigsnoer vir jou lewe! Wanneer jy God se Wil wil leer ken, is **die hart en kern** om nederig tot Hom te bid en volop tyd op jou knieë deur te bring.

Dring jy daarop aan om jou eie kop te volg en dinge op *jou* manier te doen, sonder om die moeite te doen om God se Wil te ontdek? Onthou: Deur die verkeerde handeling te kies, kies jy ook die nagevolge.

Jy leef volgens **jou wil**, nie **sy Wil** nie.

**BID GEDURIG!**

## DIE GROOTSE WONDERWERK VAN GOD SE WOORD



**Weet jy wat nou *regtig* wonderlik is?** Dat God geleidelik werk deur gebed, geleidelik deur die lees van sy Woord. Dis waarom ons stiltetyd moet hê, tyd om oor God se Woord na te dink.

Wat bereik jy met stiltetyd? Dit vul jou gedagtes met die Waarheid en openbaar sy Wil vir jou lewe aan jou.

**Dit is die grootse wonderwerk van God se Woord. Dit openbaar sy Rigsnoer en Wil aan jou.**

## Grondreël #5: Wag vir die Vrede

Die woord **vrede** spreek van harmonie en een-wees, nie van disharmonie nie, nie van wanorde nie, nie van onrus nie, nie van frustrasie nie, nie van angstigheid nie. Om vrede te maak, beteken om saam te weef, in harmonie verbind te wees.

Nou waarvan praat ons dan? Van ontslae raak van sonde, om 'n rein voorwerp te wees, druk te vermy en te wag op die Here, te wag vir sy goddelike Vrede.





Ons staan op ons knieë voor Hom, en wat kan ons dan verwag? **Dat die vrede sal volg.** Synde saamgebind, kom ons kyk na Kolossense 3:15-16 om te sien wat gebeur: **"En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar."**

Tog vra ek my af, hier teen die einde van die traktaat: *Is ek en God dit nou eens, verstaan ons mekaar?* Laat vrede heers: die ongedurigheid is verby, die onrus het bedaar, onsekerheid is uit die weg geruim. **Vrede heers. Nou sien ek God se Wil vir my duidelik.** My omstandighede het dalk nie verander nie, mense se gesindheid is dieselfde, die druk is steeds daar, maar diep in my het Hy, Almagtige God, my gesê presies wat ek moet doen, **en dus is ek verbind aan sy Wil, kom wat wil.**



Kerkbywoning is goed en moet aangemoedig word, maar een uur per week is nie voldoende nie. Dié traktaat se boodskap is: **hou by die Wil van God**. Kan ek dit duideliker stel as die vyf grondreëls? Ek is seker iewers in jou huis het jy daardie ewige, onfeilbare, foutlose bron van kennis oor God: hoe Hy dink, hoe Hy handel, hoe Hy te werk gaan, wat sy weë is, sy Wil, sy Plan, sy Rigsnoer - **die Bybel, die Woord van God.**

**"Ek was bly toe hulle vir my gesê het: *Kom ons gaan na die huis van die Here toe.*"**
Psalm 122:1




Ek vertrou dié basiese riglyne sal jou help om God se Wil vir jou lewe te vind en jou te lei na God se belofte van ewige lewe saam met hom! Romeine 4:21: **"Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het."**

*Ek herinner jou aan die vyf grondreëls:*

1) *Word 'n gereinigde voorwerp en verwyder sonde uit jou lewe*
2) *Bekamp sterk begeertes*
3) *Waak teen druk*
4) *Volhard in Gebed*
5) *Wag vir die Vrede*

TRAKTAAT © GEORGE ROSS



*Een van ons talle lesers wêreldwyd skryf:* **Dankie vir dié selfoontraktaat! Dit bevat sulke belangrike waarhede - ek gaan dit aan al my vriende stuur!**

*Ons vertrou jy voel so oor dié een ook, aangesien dit ook die waarheid vertel gegrond op die woorde van Jesus Self. Waarheid wat die fondament van die Christelike geloof en die Sewende-Dag Adventiste Kerk vorm.*

***Mag jy God se Wil in jou lewe vind!***

George Ross
BYBELTRAKTAAT-ONTWIKKELAAR

**Het jy vrae? E-pos gerus by: Gideon@PleaseConsider.Life**